### *Prys en liefhê*

**113** **Die oudste suster**, wat `n bietjie jaloers word, sê: "Jarah was nog altyd `n verlief-derige tipe gewees en raak gou verlief op alles wat sy teëkom. Is dit dan `n wonder dat sy so tot oor haar ore verlief raak op `n knap man soos U?! Dit is regtig nie so `n groot prestasie nie! Dit sou ek ook wel kon doen, maar wat sou ek daaraan hê om nou die smoorverliefde Jarah, wat U heeltemal in beslag geneem het, teen te gaan?"

[2] **Ek** sê: "Kyk, jaloerse suster, as jy ooit ware liefde in jou hart gehad het, dan sou jy dit nie gesê het nie! Maar omdat die mense jou verwen, kan jy in jou hart nooit `n ware liefde of vertedering voel nie, en kan jy ook niks anders sê as wat jy nou gesê het nie!

[3] Kyk, Jarah het lief - en vra nie of die liefde wederkerig is nie! Vriend en vyand is vir haar dieselfde; sy is so oorgelukkig dat sy alles kan liefhê. Selfs die gedagte of die mens haar wel liefhet, het nog nooit by haar opgekom nie. Sy hou van jou en al haar broers en susters, eweneens van haar ouers, méér as wat almal van haar hou! Maar in julle liefde staan sy laaste, wat haar in haar groot liefde vir julle nog nooit gehinder het nie! Kyk, dit is waaragtig liefhê!

[4] As jy liefhet, verwag jy tienmaal soveel liefde terug! En word die liefde nie op hierdie manier beantwoord nie, dan word jy wrewelrig en kom daar allerlei verdagmaking in jou hart wat met eieliefde vervul is!

[5] Maar kyk nou eers na die liewe Jarah of sy ooit eens énige aanspraak op wederliefde gemaak het! Dit is dan ook die rede waarom sy My nou mag liefhê soveel as wat haar hart maar kan! **Want slegs vir haar het Ek hierheen gekom, en vir haar sal Ek nog etlike dae hier bly,** en dus het julle dit almal aan hierdie meisie te danke dat Ek hierheen gekom het en julle siekes en die hele plek genees het, en verder nog meer siekes sal genees.

[6] **Want waar Ek kom, soek Ek die laagste en mees verdruktes!** Maar alles wat in die oë van die wêreld groot en hooggeag is, is vir Elohim `n gruwel! Probeer daarom so te wees soos die liewe Jarah, dan sal julle ook so digby My staan soos sy nou, geestelik en liggaamlik, in die tydelike en ook eendag vir ewig!

[7] As julle egter iemand prys, prys dan diegene wat egte lof verdien! As iemand wat geprys word, egter ydel word, prys hom dan nie meer nie, **want die ydelheid is die saad van die hoogmoed, en dit is die gees van die satan!"**

[8] **Ebahl** sê: "Maar Meester, as U my Jarah so prys in die teenwoordigheid van haar ander broers en susters, maak dit dan nie dat sy ydel sal word nie?"

[9] **Ek** sê: "Bekommer jou maar nie daaroor nie! Wie My eenmaal omhels het, sal nooit ydel word nie! Jarah, sê My eers of jy jou nou, omdat Ek jou so besonder liefhet, beter vind as jou broers en susters!?"

[10] Heel skugter sê **Jarah**: "O Meester, U is die enigste wat ek liefhet, daaraan kan ek niks doen nie en daar het my suster ook geen skuld aan nie! Ek sou egter wil dat U my vyf susters nog meer sou liefhê as vir my, want hulle is baie mooier en knapper as ek. Hulle noem my altyd lelik en dom, en dit verdien ek ook, want so mooi soos hulle is ek egter nie, en - nou ja - dom is ek regtig ook. Maar ek is nog jonk en sal nog heelwat knapper word as ek so oud word soos hulle!

[11] O, ek het heeltemal geen aanmerkings oor my liewe susters nie, want hulle leer my allerlei nuttige dinge, en hou almal baie van my, en met my hele siel en liggaam hou ek van hulle. Meester, wees weer hulle Vriend ! Want weet U, ek voel dadelik `n diepe smart as ek my susters verdriet aangedoen het, dan wil ek dadelik alles daarvoor gee om my liewe susters weer opgewek en bly te sien!

[12] Ek kan geen treuriges en geen ongelukkiges sien nie; ek sou liewer alle verdriet en al die ongeluk op my geneem het, as daardeur alle ongelukkiges en treurendes geseënd sou bly en opgewek sou wees! My allerliefste Meester JaHshua, wees daarom teenoor my susters net so vriendelik soos met my, want hulle verdien dit ook!"

[13] **Ek** sê: "Ja, liefste Jarah, jou kan Ek natuurlik niks weier nie! Maar jou susters sien nou ook in waarom **Ek jou so liefhet, en as hulle in hul harte heeltemal soos jy sal lyk, sal Ek hulle net so liefhê soos vir jou**, bekommer jou dus maar nie!

[14] Want weet jy, net soos wat jy geen ongelukkiges en treurendes kan sien sonder dat jy hulle wil help nie, so het Ek ook die wens - slegs in `n nog baie groter mate - en daarby die almagtige onwrikbare Wil, om elke mens vir tyd en ewigheid te help!

[15] Dit is My bedoeling, My plan en My Wil om die verlorenes te soek, die siekes te genees, en almal wat gevange is te bevry, **maar tog moet ook elke mens sy onaangetaste vrye wil behou**. - Sê My, allerliefste Jarah, of My voornemens jou geval."

## *Die gebed van Jarah*

**114** **Jarah** sê: "O, hoe sou dit my dan nie kan geval nie? Ek sou dieselfde wil, as ek dit maar kon! Maar wat het ek aan my welwillendheid vir mense as ek nie kan help nie? Slegs in klein gevalle kan ek my ouers vra om die armes en noodlydendes te help, en daarby het mense my byna altyd verhoor - natuurlik word ek daarvoor dikwels ook goed opgefoeter omdat ek so ontsettend weekhartig is, maar dit skeel my nie - solank die armes maar geholpe raak.

[2] Maar met die vra aan Elohim, die Almagtige Meester, gaan dit met my nie altyd so voorspoedig nie! Want dikwels het ek ook gebid, en as ek dink dat Elohim my gebed sekerlik sou verhoor, en ek daarheen gaan om te sien of my kinderlike gebed iets opgelewer het - dan was daar niks! Alles was nog selfs slegter.

[3] Dan gaan ek natuurlik weer na my vader en vra hom waarom die almagtige Elohim dikwels so baie hardhorend was!

[4] Dan sê vader vir my dat Elohim goed weet waarom Hy iemand vir sy sieleheil `n langer lyding gee, en dat Hy baie presies die tyd uitmeet hoe lank hierdie iemand moes boet. `n Gebed help dan nie so baie nie, behalwe as so `n sondaar hom gou heeltemal bekeer! Wel, dan was ek weer ietwat rustiger, maar tog gee ek die gebed vir die armes nie op nie.

[5] Maar soms verhoor die liewe groot Elohim my ook gou, en dit doen my dan wel baie genoeë! Want vir `n medelydende hart is daar in hierdie wêreld geen groter vreugde nie as om te ondervind dat die groot Elohim selfs die gebed van `n haas nog onmondige meisie verhoor het!

[6] En dat U, o Meester, na ons toe gekom het, kom my ook voor as die verhoring van my gebed deur die groot Elohim! Want ons het almal van baie wat hierheen gekom het, gehoor dat in Násaret en omgewing `n sekere timmerman JaHshua sulke buitengewoon groot, ongehoorde genesings verrig onder die siekes, en selfs dooies weer lewend maak. Die blindes word siende, die stokdowes kry hul gehoor weer heeltemal terug, en die stommes hul spraak, die lam en kreupeles word weer reg en heel - kortom daar was geen siekte wat Hy nie oombliklik kon genees nie!

[7] Eers het ons dit beskou as `n fabeltjie, maar toe daar steeds meer mense na ons toe gekom het, selfs van hulle wat wonderbaarlik deur JaHshua genees was, het ons ook begin glo dat dit werklik waar was.

[8] Toe word ek aangegryp deur `n magtige liefde vir hierdie Man wat so iets kon doen, en ek bid elke dag tot die liewe Elohim, so eerbiedig en vol vertroue soos wat dit maar vir my moontlik was, of Hy U deur Sy almag na ons toe wou bring! En kyk, Elohim het My verhoor en U na ons toe gebring!

[9] Ag, dit is nie te beskryf wat `n vreugde dit my gegee het toe mense sê dat U gekom het nie! O, as ek maar gedurf het, hoe graag sou ek U omhels het! Maar ek moes, ter wille van my ouers en familie, my hart met groot dwang die swye oplê. Maar nou het vir my die haas onbeskryflike gelukkige tyd aangebreek om by U, die Majesteit en Meester, te sit, wat ek al sedert ek die eerste woord oor Hom gehoor het, bo alles liefhet.

[10] O, nou is U daar en Ek het U en - o wat `n onbeskryflike hemelse vreugde! - ek mag U liefhê en U het my ook lief. O, nou sou selfs die volmaakste engele in die hemel nie gelukkiger kon wees as wat ek is nie! - Maar U mag ons nou ook nooit weer verlaat nie, want dan sou ek seker van te groot verdriet moet sterwe!"

[11] **Ek** sê: "Nee, nee My hartedief! Ek verlaat jou nooit in der ewigheid nie, **en Ek sê jou ook dat jy die dood nie sal smaak of voel nie**. Eendag sal My engele jou van hierdie wêreld kom haal en jou na My, jou Ewige Vader, bring! Want weet, allerliefste Jarah, die Een tot Wie jy so van harte gebid het om My hierheen te kry, sit nou in My persoon by jou en hou van jou met al die suiwer goddelike vuur van alle hemele, en jy het gelyk gehad toe jy sê dat jy gelukkiger is as die volmaakste engele uit alle hemele! - Kyk omhoog, dan sal jy sien dat dit is soos wat Ek jou nou gesê het!"